

Sing vooraf staande: Psalm 73:5 (p. 367)

5 Die trotsaards leef gerus en bly, / in rykdom, onbesorg en vry.
Vergeefs dat ek so opgepas het, / my hande in onskuld rein gewas het!
Dit help my nie: ek word geslaan, / die plaë oorstrom my, af en aan;
en nooit was daar 'n môre of / my klaagsang kry weer nuwe stof.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 32:1 (p. 151)

1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Geloofsbelydenis Nicea/Apostolicum

Wet

Psalm 25:10 (p. 117)

10 Red my van geweldenare; / 'k steun op U in teëspoed.
Laat opregtheid in gevare, / met die onskuld, my behoed.
Red u volk, o troue HEER, / uit die hand van sy bestryder,
en wees Isr'el immermeer / 'n genadige bevryder!

Gebed

Psalm 68:10 (p. 335)

10 Gewis, hoe hoog die nood mag gaan, / God sal die vyandskop verslaan, / die skedel so doemskuldig
wat God se heiligheid wou tart, / en daar hy in die kwaad volhard, / sy skuld vermenigvuldig.
Die HEER het self ons toegeseg: / "Ek sal deur mag en wyse oorleg / uit Basan jul vergader;
wanneer jul deur die diepte tree, / dan sal geen golfslag van die see / jul veil'ge voetstap nader."

Skriflesing: Jeremia 31. Lees ook Esegiël 18:1-9

Teks: Jeremia 31:29, 30

**In die dae sal hulle nie meer sê nie: die vaders het groen druie geëet
en die tande van die kinders het stomp geword. Maar elkeen sal weens
sy eie ongeregtigheid sterwe; en elke mens wat die groen druie eet,
sy tande sal stomp word. (Jeremia 31:29, 30 AFR53)**

Die Here HERE sweer dat daar 'n dag sal kom wanneer die mense nie meer hulle
verantwoordelikhede op ander mense sal kan afskuif nie.

- Elkeen sal in sy volle verantwoordelikheid voor Hom staan.
- Wat gaan dan van ons word wat die regverdigheid van God betwis? En van ons wat weet wat die regverdigheid van die Almagtige van ons vra, maar dit nie doen nie?

In die boek Esegiël is die gevolg van die sonde van Juda en Jerusalem baie helder in die
lig gestel.

- Die oordeel wat aan die kom is, is onafwendbaar.
- Die volk wou nie hoor toe die tyd daar was om te luister na die prediking van die profete en na die wet van die Here nie.

Nou was dit nie so dat al die Jode 'n nuwe geloof aangeneem het nie! Glad nie.

- Dis wel waar dat baie van hulle allerhande afgode begin dien het en dat hulle toe nie meer in die HERE geglo het nie.
- Daar was ook baie van hulle wat net die saak van hulle godsdiens en geloof laat vaar het.
 - Hulle het net niks gedoen nie.
 - Laksheid en traak-my-nie-agtigheid het hulle gekenmerk.

Hieroor het die HERE toe baie vertoornd geword en Hy het die hele volk gestraf.

- Toe hulle nou eers klaar in die ellendes is, het die mense besef dat die saak van diens aan die HERE toe al die tyd 'n baie ernstiger saak was, en dat dit nie iets is wat mens maar net sommer tersyde kan laat lê nie!
- Maar hulle het nog steeds geweier om self die skuld vir hulle onverantwoordelikheid te aanvaar. Iemand anders moet die skuld kry.

Dis so tipies. Die verantwoordelikheid vir sy Godsverlating word op iemand anders afgeskuif.

Net so het dit met die volk van die Here in die Ou Testament gegaan.

- Die vraag oor wie die skuld moet kry vir hulle ellendes was meteens aan die orde van die dag.
- Hulle eie onverantwoordelikheid kon dit tog nie wees nie. Al wat toe oorgebly het, was die voorgeslagte.

Dis tot vandag toe nog die gewoonte onder die mense in die omgewing van Sirië om groen druive, of druive wat nog suur is, te eet. Dit het natuurlik tot gevolg dat die tande onmiddellik stomp word.

Die Israëliete het hierdie beeld gebruik om die onregverdigheid van hulle toestand te beskryf.

- Hulle vaders het groen druive geëet, en nou sit hulle met die stomp tande.
- Inderwaarheid het hulle nou hiermee beweer dat God onregverdig is, want Hy straf die verkeerde mense.
- Dis hulle voorgeslagte wat die groen druive geëet het en nie hulle nie!

Dit staan ook so geskryf in Esegïel 18:25:

Die Here se weg is nie reg nie. (Esegïel 18:25a AFR53)

Hier het die groot fout gelê wat mense vandag nog maak.

- Hulle besluit vir die Here wat Hy moet doen en wat nie.
- Dan rus hulle besluite ook op wat mense pas – soos wat Israel dit gedoen het.

God is so magtig dat Hy nie kan toelaat dat hierdie soort ding gebeur nie. Daarom antwoord die Here hulle ook dadelik:

Hoor tog, o huis van Israel! Is My weg nie reg nie? Is julle weë nie onreg nie?
(Esegïel 18:25b AFR53)

In vers 26 veral word dit baie skerp gestel dat die regverdige as gevolg van sy ongeregtheid sterf as hy die regverdige weg verlaat.

- Dit was vir die volk 'n baie harde woord om te hoor, want dit het beteken dat net hulle alleen skuldig is vir hulle sondes en niemand anders nie.

Hulle moes verstaan dat hulle met hulle spreekwoord dat hulle tande stomp is omdat hulle ouers groen duiwe geëet het, die straf van die Here probeer vermy en omseil het.

- Hulle het hulle eie gewete afgestomp deur hulle verantwoordelikheid weg te skuif na iemand anders toe.
- Die Here wou juis hulle gewetens opskep!
- Hy wou met die straf hulle tot besinning bring sodat hulle berou kan hê oor hulle sondes en hulle bekeer.

Die profeet Jeremia profeteer dat daar eendag herstel sal kom.

- Die HERE sal al die ellendes wegneem.
- Die volk wat nou in ballingskap versmag en verkwyn, sal weer lfenis ontvang.

Die Here sê in Jeremia 31:28:

En soos Ek oor hulle wakker was om uit te ruk en om te gooi en te verwoes en te vernietig en skade aan te doen, so sal Ek oor hulle wakker wees om te bou en te plant, spreek die HERE. (Jeremia 31:28 AFR53)

Die straf van die Here gaan verby.

- Dit beteken nie dat die straf omseil sal word nie – nee, die HERE is wakker om te straf waar dit moet.
- Maar wanneer die straf volbring is, dan bou die HERE self ons weer op.
- Dan het die Here klaar uitgeruk wie Hy nie onder sy volk wil hê nie en die onregverdige is klaar omgegooi en verwoes.
- Dan bly net die volmaaktheid van die ewige lewe oor.

Daar sal die verwyte van die groen duiwe wat deur die ouers geëet is, nie weer voor die Here genoem word nie.

- Die wat daar sal wees, sal verstaan dat hulle vir hulle eie sondes gestraf is.
- Omdat hulle hulle skuld besef het, het hulle waarlik berou betoon en hulle bekeer – hulle is gered.
- Die wat nie berou gehad het nie, en hulle nie bekeer het nie, is daarvoor gestraf.

Vers 30:

Maar elkeen sal weens sy eie ongeregtheid sterwe; elke mens wat die groen duiwe eet, sy tande sal stomp word. (Jeremia 31:30 AFR53)

So word elkeen vir sy eie dade verantwoordelik gehou.

Ons moet egter die sake in die Bybel in verband sien.

- Dit is so dat die Here elkeen vir sy eie sondes verantwoordelik hou.
- Maar dis ook waar dat ouers vir hulle kinders die toorn van die Here kan verwerf.

Hierdie uitspraak in Jeremia is heeltemal in ooreenstemming met die tweede gebod, naamlik:

- dat die HERE straf tot in die derde en vierde geslag van die wat Hom haat!
- Dit is dus nie net die geslag wat nou in die lewe is met wie die HERE sal twis nie; dis ook met hulle nageslagte.

Dink nou net hoe prakties dit is.

- Die HERE het die Israëliete gestraf oor hulle geloofsondes deur hulle in ballingskap weg te voer.
- Die kinders wat toe in Babel gebore is – wat van hulle? Dis juis omdat die straf van die Here verder gaan dat hulle ook buite hulle land gebore is.

Maar daarom het die plig tot bekering ook weer op hulle gerus.

- Hulle moes hulle bekeer van die sondes van hulle ouers.
- Hulle moes reg glo, bid en leef, wat hulle sien mos daar in Babel wat die gevolg van sondes en verharding is.

Ons lees dat hulle nie wou nie.

- Hulle wou niks weet daarvan dat hulle hulle ook moes bekeer nie.
- Al die skuld was hulle ouers s'n – hulle het groen druiwe geëet. En nou sit die kinders met stomp tande.

Die Christusprediking van hierdie teks is wat ons lees in Jeremia 31:28.

- Die Here se straf het sy hoogtepunt bereik in die straf wat oor Jesus gekom het.
- Hy is gebreek en vernietig sodat die Here sy volk kan bou – want Jesus is vernietig ter wille van die sondes van die volk.

Nou is die straf uitgedien.

- Dis waarom die Here dan nou sy volk kan oprig en bou en plant.
- Dis ook waarom ons moet besin oor ons sondes.

Ons sal vir ons eie sondes gestraf word.

- Ander mense kan nie groen druiwe eet en ons dan daarmee van God vervreem nie.
- Elke mens wat die groen druiwe eet, sy tande sal stomp word, so sê die HERE!

Ons moet almal luister na die stem van die Heilige Gees wat ons aanpraat wanneer ons sondes doen.

- Enige mens wat nie met volle verantwoordelikheid aan die Here gehoorsaam wil wees nie, se tande is stomp van die groen druiwe wat hy self eet.
- So 'n mens het vanself van God af weggedwaal.

Besin hieroor, en begin al met berou selfondersoek doen met die oog op die Nagmaal van die Here wat al weer voorlê.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 138:1 (p. 670)

1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die godeⁱⁿ psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 13 Julie 2014